OEFENING VAN DIE WEEK:	In hierdie week, probeer om ten minste 3 van jou joernaal tye in die gemeenskap te beoefen (jy kan kies waar / of julle kan dit in groepe van 2 saam beplan). Ons gaan ook daagliks in die verskillende plekke van ons gemeenskap bid, "Laat U koninkryk kom, Laat U wil geskied in die hemel ook hier in ons gemeenskap".

Dissipelskap avonture - DAAGLIKSE RITME
Sessie 6 van 10: Sessie 6 van 10: Die boom ritme, hoe is ons 'n seëning in hierdie gemeenskap?

I. WORD STIL

Gebruik 'n paar minute om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en nooi God uit om jou te ontmoet.

II. RITME GEBED

II. Lees die gebed 'n paar keer en laat dit oor jou spoel

Here, U is ons Drie-enige God - U het ons in hierdie gemeenskap geplant. U is reeds besig om U koninkryk hier uit te brei. Help ons om U koninkryk hier te soek. Maak ons oë oop om te sien wat U sien.

III. LEES EN LUISTER

Lees vandag se teks en oordenking met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees. Omdat jy in hierdie week van hierdie oordenkings in jou gemeenskap doen, wees bewus van dit wat om jou aangaan.

Dag 1: *Matthew 25:31-46*

Vers 40: "En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

Wie dink jy is die geringstes in jou omgewing?

Dag 2: *Johannes 20:19-23*

Vers 21: "*Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.*"

Alle volgelinge van Jesus is sendelinge. Hoe stuur Jesus jou in jou gemeenskap? Hoe kan jy vrede wees vir ander?

OEFENING VAN DIE WEEK:	In hierdie week, probeer om ten minste 3 van jou joernaal tye in die gemeenskap te beoefen (jy kan kies waar / of julle kan dit in groepe van 2 saam beplan). Ons gaan ook daagliks in die verskillende plekke van ons gemeenskap bid, "Laat U koninkryk kom, Laat U wil geskied in die hemel ook hier in ons gemeenskap".

Dag 3: *1 Petrus 3:8-12*

Vers 9 : "*Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.*"

Hoe kan jy vandag 'n seëning vir die mense rondom jou wees?

Dag 4: *Jeremia 29:4-11*

Vers 7: "Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."

Wat kan jy vandag vir jou buurt / gemeenskap bid? Hoe bevorder jy die belange van die buurt?

Dag 5: Jonah 4

Vers 10-11: " Die Here het vir Jona gesê: "Jy is besorg oor die komkommerplant waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy nie versorg het nie. Dit het oornag opgekom en oornag is dit dood. Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?"

Waaroor is jy besorgd? Hoe kan jy die Here se besorgdheid oor die stad waarin jy leef deel?

Dag 6: Lees deur die Gemeenskapsvrae en skryf van 'n gebed vir jou gemeenskap.

IV. DINK NA

Lees deur die volgende vrae en antwoord die 1/2 wat tans tot jou spreek. Dit mag nuttig wees om van jou gedagtes neer te skryf

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Hoe kan ek oor my lewensverhaal reflekteer deur die lens van hierdie teks?

V. WOORD IN AKSIE

Skryf enige praktiese idees of waarhede neer wat jy graag wil saamdra vir jou dag: Wat ervaar jy wil God vir jou sê? Maak die Heilige Gees jou bewus van iemand of om iets prakties te doen?

VI. GEBED VIR DIE DAG

Praat met God oor wat jy gedink en ervaar het in jul tyd saam. Luister ook na Sy hart en wat Hy wil sê